AM 1046/97

20

RECEIVED
10 APR 1997

ANNEXURE

Form 1

# APPLICATION FOR AMNESTY IN TERMS OF SECTION 18 OF THE PROMOTION OF NATIONAL UNITY AND RECONCILIATION ACT, 1995 (ACT NO. 34 OF 1995)

*This form is also available in the other official languages at the Committee on Amnesty.*

*To be completed in block letters, sworn to/ solemnly affirmed before a Commissioner of Oaths and returned to the Committee on Amnesty, PO Box 3162, Cape Town 8000.*

*Please use a separate page if more space is required.*

---

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Surname: | Molefe 49798 |
| 2. | First names in full | Johannes |
| 3. | Address | 6810 Section 5<br>Mamelodi West<br>Pretoria |
| 4. | I D Number | 5206235753082 |
| 5. | Date of Birth | 23rd June 1952 |
| 6. | Place of birth | Pretoria |

7.(a) If you are/were an officer/ office bearer/ member/ supporter of any political organisation/ institution/ body or liberation movement, state name thereof :

African National Congress, Umkhonto we Sizwe, Special Ops.

(b) State capacity in which you served in the organisation/institution/body or liberation movement concerned, if applicable, and membership number, if any

Member

8(a) **If you were/are an officer/ office bearer/ employee of the State or any former state or if you are/were a member of the security forces of the state or any former state, state the department/ division :**

N/A

(b) **State capacity and period in which you were in the service of the state or former state or served in the security forces, if applicable, and force number, if any :**

N/A

9(a) **Furnish sufficient particulars of the act/s, omission/s or offence/s associated with a political objective in respect of which amnesty is sought, including date/s, place/s and nature thereof and the name/s of any other person/s involved :**

*1. Attacks on power stations :*

I was the Unit Commander of a small unit within Special Operations which mounted attacks on power stations and pylons. While I only participated physically in one of the attacks, I was in overall command within the country of the other members of the Unit. I co-ordinated the attacks and arranged for the operatives to come into the country from Swaziland.

(a) *Arnot power station*

On the 21 July 1981 I participated in the placing of limpet mines at Arnot Power Station. The limpet mines detonated and caused extensive damage to the station. There were no injuries. The other members of the unit were : Philemon Molefe (deceased); Derrick (code name - deceased); Matume (code name - missing).

*(b) Camden power station*

On the same day, a unit under my command attacked the Camden Power Station in a similar manner. Again, extensive damage was caused but there were no injuries sustained. The members of this unit were : Tebogo (code name - became an Askari at Vlakplaas); Monare (code name - deceased); Earl Zandile (code name - deceased) and Desert (code name - now a member of the SANDF)

*(c) Delmas Substation*

On the same day the Delmas Substation was attacked by another section of the unit. The same modus operandi was used and there were no injuries. There was extensive damage to the substation. Both the operatives involved in this attack are now deceased. They were Danny Boy (code name) and Pewe (code name).

2. *Voortrekkerhoogte*

On the 12th August 1981 I was part of the unit which attacked Voortrekkerhoogte Military base. The unit was commanded by Barney Molakwane (code name - deceased), and the other members were Johnny (code name - deceased); Sidney Sibepe (deceased) and Philemon (code name - deceased). All of these operatives died in subsequent operations.

Five rockets were fired into the base from a GRAD - P, four of which detonated. Damage was caused to buildings within the base and two injuries were sustained. A woman living on the base was injured by flying glass. A man from Laudium was injured during an attempt by the operatives to seize his car. he was shot during the struggle. The driver of the getaway car had left the scene earlier as civilians had gathered at the firing site - under the mistaken impression that they were watching an SADF practice operation.

3. *Pretoria church street car bomb*

I was involved in the unit which planned the Church Street Car Bomb attack outside the SA Airforce Headquarters in Pretoria. This attack was a Special Ops operation and was approved by Oliver Tambo in terms of the mandate he had from the National Executive Committee of the ANC.

On 30 May 1983 a car bomb was placed outside the Airforce Headquarters and it exploded at 4.00 p.m. 19 people died as a result of the bomb and 200 were injured. In addition, the two operatives who planted the bomb were killed in the operation - they were Freddie Shonge and Ezekiel Maseko. Extensive damage was caused to the buildings and surrounds.

I was in Swaziland at the time of the blast and my involvement was in the planning and preparation for the operation.

4. *Car bomb blast - why not/Magoos bar*

I was involved in the preparation of materials for the car bomb later used in the bombing of the Why Not/Magoos Bar on June 14th 1986. I assisted in the procurement of the materials and with the packing of the vehicle which transported the materials into the country from Botswana.

5. *Wits command*

Similarly, I was involved in the procurement and preparation of materials used in the attack on Wits Command on Extensive damage was caused.

(b) **State whether any persons was injured, killed or suffered any damage to property as a result of such act/s, omission/s or offence/s.**

Yes

In the operations I was involved directly with (Electrical Stations and Voortrekkerhoogte) , 2 injuries were sustained and extensive damage to property was caused.

(c) **If so, state :**

(i) The name/s of the victim/s

Unknown

(ii) The occupation/s and address/es of the victim/s

Unknown

(iii) The names and addresses of the victim's/victims' next of kin

Unknown

(iv) Any other information which may assist in identifying and locating the victim/s

10(a) State political objective sought to be achieved

All the operations detailed above were carried out in accordance with the aims and objectives of the African National Congress. As a member of Umkhonto we Sizwe my objective was the furtherance of the armed struggle against the Apartheid state with the intention of overthrowing this state and replacing it with a democratic one. All my actions were geared towards the undermining and weakening of this state.

**(b)** **Your justification for regarding such act/s, omission/s or offence/s as act/s, omission/s or offence/s associated with a political objective:**

All the operations detailed in this application were politically motivated, carried out within the context of the liberation struggle, aimed at our political opponent and committed under the orders of my commanders and with the approval of the organisation.

The acts described in this application took place between the years 1981 and 1987 during a period of intense repression in South Africa.. They were all committed in the context of the ANC struggle for liberation of South Africa from Apartheid and repression.

**(c)** **Did you benefit in any way financially or otherwise ?**

No

**(d)** **If so, explain the nature and extent of such benefits :**

N/A

**11(a)** **Was/were the act/s, omission/s or offence/s committed in the execution of an order of, or on behalf of, or with the approval of, the organisation, institution, body, liberation movement, state department or security force concerned ?**

Yes - refer to attached affidavit - Aboobaker Ismail.

25

(b) If so, state particulars of such order or approval and the date thereof, and if known the name and address of the person/s who gave such order or approval

See above

12. If prosecution followed, state :

N/A

13.

(a) Are civil proceedings pending or envisaged as a result of the act/s omission/s offences in respect of which amnesty is sought

NO - however the possibility exists that civil proceedings could be initiated once details of this application become known to victims.

(b) If so, state :

(i) The identity and addresses of the parties and their legal advisers, if any

(ii) The case number and the court in which the proceedings are pending

DEPONENT

The deponent has acknowledged that s/he knows and understands the contents of the declaration. This declaration was duly sworn to/ solemnly affirmed before me on this ....8.... day of ....May.... 1996, at ....Pretoria....

..................

COMMISSIONER OF OATHS

94072485 PE J.M. de Lange . Col

# MEMORANDUM

## BOMONTPLOFFING : KERKSTRAAT-WES. PRETORIA

1. Die ondersoek van die bomontploffing te Kerkstraat-Wes, PRETORIA op 20 Mei 1983 om 16h28 het die volgende feite aan die lig gebring:

(1) Die voertuig waarin die bom ontplof het, se bakwerk het geheel-en-al gedisintegreer. Die masjiennommer is afgeskuur. Deur middel van die onderstelnommer wat tussen die rommel gevind is, is die voertuig geïdentifiseer as 'n roomkleurige 1982 model COLT GALANT. Dit is op 19 Junie 1982 vanaf die perseel van Mnr. V.A. SABATTIER te 6de Laan 5, EDENVALE gesteel. Tussen die rommel is ook 'n stuk van 'n voertuig-registrasieplaat gevind wat met 'n 'SD' registrasie begin.

(2) As gevolg van die ontploffing is 19 persone gedood, waaronder
9 witmans
2 witvrouens
8 swartmans is.
Daar is ook 217 persone beseer wat hospitaal behandeling moes ontvang.

(3) Ernstige skade aan geboue en voertuie in Kerkstraat-Wes tussen Bosmanstraat en Schubartstraat is aangerig. Die skade beloop ongeveer R4 000,000.

(4) As gevolg van inligting bekom is die volgende persone sedert 29 Junie 1983 in terme van Art.50 van Wet 51 van 1977 (Strafproseswet) aangehou en ondervra:

A(1) Jerry SHABANGU
(2) Anna MASEKO
(3) Joe SIBIYA
(4) Magdalena SHONGWE
(5) Anna MASANGU

27 ll



Volgens inligting was dit nodig om die volgende persone vanaf 2 Julie 1983 verder ingevolge Art. 29 van Wet 74 van 1982 (Wet op Binnelandse Veiligheid) aan te hou:

B(1) Jerry SHABANGU
(2) Anna MASEKO

(5) Getuienis is bekom dat 'n roomkleurige COLT GALANT motor met 'n 'SD' registrasie op 20 Mei 1983 om ongeveer 11h00 deur swartman Freddie Butana SHONGWE van Blok B 388, MAMELODI na die huis van swartman Bakayi Ezekiel MASEKO te Blok J 2824, MAMELODI gebring is. SHONGWE het by Jerry SHABANGU verneem of die oorsprong van die voertuig nog bepaal kan word indien die masjiennommer verwyder is. Hy het die roomkleurige COLT GALANT aan SHABANGU getoon waar dit agter MASEKO se huis versteek was. SHONGWE het aan SHABANGU gemeld dat die voertuig vir 'n "groot werk" gebruik gaan word, sonder om te sê wat die werk gaan wees.

MASEKO se vrou Anna het gesien dat MASEKO en SHONGWE die masjiennommer met 'n elektriese skuurmasjien afgeskuur het.

(6) SHONGWE het ongeveer 15h50 haastig met die COLT GALANT vertrek terwyl MASEKO hom in laasgenoemde se Kombi gevolg het. Hulle was so haastig dat hulle die elektriese skuurmasjien buite die huis gelaat het waar hulle daarmee gewerk het.

(7) Sedert 20 Mei 1983 toe SHONGWE en MASEKO nie tuiskom nie, het die familie na hulle begin soek.

(8) Op 28 Mei 1983 is MASEKO se Kombi agter Poyntons Gebou in Schubartstraat, PRETORIA gevind. Die voertuig was nie gesluit nie. Binne die voertuig is 'n baadjie van SHONGWE gevind wat hy op 20 Mei 1983 aangehad het. In die voertuig is ook 'n papiersak met 'n draagbare radio in gevind. Nadat die voertuig met die inhoud verwyder is, het die familie begin vermoed dat MASEKO en SHONGWE onder die slagoffers van die ontploffing moes wees.

28



MASEKO se liggaam is daarop by die Staatslykhuis uitgeken. MASEKO se liggaam is aan die Noordelike kant van Kerkstraat regoor die ontploffing gevind.

(9) Na die ontploffing op 20 Mei 1983 is ook verskeie liggaamsdele wat oor die toneel versprei is gevind. Bloedtoetse het bewys dat dit liggaamsdele van een swartman is.

Op 13 Junie 1983 is die voete van hierdie persoon deur die moeder van SHONGWE uitgeken as dié van Freddie SHONGWE.

SHONGWE se vrou het ook 'n stuk broek en lyfband wat op die toneel gevind is, herken as die eiendom van SHONGWE.

As gevolg van die verspreiding en gedeeltes wat aan die voertuigwrak gevind is, is dit duidelik dat SHONGWE in die voertuig was tydens die ontploffing.

(10) Volgens die verklaring van 'n getuie wat op 20 Mei 1983 voor Nedpark Gebou in Kerkstraat-Wes, PRETORIA in haar motor gesit het, het 'n roomkleurige COLT GALANT voor haar stilgehou. Pas nadat die voertuig tot stilstand gekom het, het die ontploffing gevolg.

(11) Op 7 Julie 1983 het Anna MASEKO die elektriese skuurmasjien asook die draagbare radio aan die ondersoekers oorhandig. By ondersoek is gevind dat die draagbare radio wat in MASEKO se Kombi gevind is, van 'n ingeboude afstand beheerkontrole voorsien is. Hierdie afstandbeheerkontrole is deur deskundiges in werkende orde bevind. Dit is ook instaat om oor 'n afstand plofstof te laat detoneer. Volgens deskundiges is die frekwensie waarop die afstandbeheerkontrole ingestel is baie sensitief en kon dit deur ander faktore wat binne die beheerafstand kom geaktiveer word.

(12) In MASEKO se klere by sy huis is ook kontant ten bedrae van R3000.00 (drie duisend Rand) gevind, waarvoor Anna MASEKO geen verklaring kan vind nie. Sy het ook van die geld vir die begrafniskoste gebruik.

(13) SHONGWE en MASEKO het vorige veroordelings weens 'Huisbraak en Brandkasdiefstalle'.

(14) SHONGWE en MASEKO het by geleenthede saam na SWAZILAND gegaan. SHONGWE het SWAZILAND soms twee keer per maand besoek. Getuienis is gevind dat SHONGWE aan huis van bekende lede van die AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC) in SWAZILAND gesien is. SHONGWE is die neef van opgeleide A.N.C. lede.

(1) Johannes MNISI
(2) Christopher MNISI

wie vir sabotasie aanslae in die RSA verantwoordelik is en hulle tans in die buiteland bevind.

MASEKO se broerskind Phillip MASEKO is 'n opgeleide ANC-lid wat hom ook in die buiteland bevind.

Volgens inligting het SHONGWE en MASEKO met bogenoemde persone in SWAZILAND skakeling gehad. Dit is ook vasgestel dat SHONGWE SWAZILAND laas vanaf 16 tot 17 Mei 1983 besoek het.

FREDERIK JACOBUS PETRUS N E L

VERKLAAR

1.

Ek is ŉ Majoor in die Suid-Afrikaanse Polisie, en verbonde aan die Veiligheidstak, Noord-Transvaal, PRETORIA.

2.

Ek is die ondersoekbeampte in hierdie saak tewete die Bomontploffing op 20 Mei 1983 om ongeveer 16h28 te Kerkstraat-Wes, PRETORIA.

3.

Op 20 Mei 1983 om 17h15 het ek self die toneel van die ontploffing besoek.
Dit was duidelik dat ŉ lading plofstof in ŉ voertuig wat op die laaistrook voor NEDBANK PLEIN Geboue geparkeer was, ontplof het.
NEDBANK PLEIN Gebou is geleë aan die Suidelike kant van Kerkstraat-Wes, tussen Bosmanstraat en Schubartstraat, PRETORIA.

4.

Die voertuig waarin die plofstof ontplof het, se bakwerk het feitlik geheel-en-al gedisintegreer.
Die masjien van die voertuig is ongeveer 15 meter vanaf die punt van ontploffing gevind. Ek het gevind dat die masjiennommer onlangs afgeskuur is.
Die onderstelnommer van die voertuig is tussen die rommel gevind. Deur middel van die onderstelnommer is die voertuig geïdentifiseer as ŉ roomkleurige 1982 model COLT GALANT Motorkar. Hierdie voertuig is op 19 Junie 1982 vanaf die perseel van mnr. V.A. SABATTIER te 6de laan 5, EDENVALE gesteel.
Tussen die rommel het ek ook ŉ stuk van die voertuig se registrasie plaat gevind wat met ŉ 'SD' registrasie begin.

5.

As gevolg van die ontploffing is 19 persone gedood, waaronder die volgende is :

9 Witmans
2 Witvrouens
8 Swartmans

Daar is ook 217 persone beseer wat hospitaal behandeling ontvang het.

6.

Ernstige skade aan geboue en voertuie in die omgewing van die ontploffing in Kerkstraat-Wes is aangerig.
Die skade beloop ongeveer R4,000,000 (Vier miljoen rand)

7.

Op 20 tot 21 Mei 1983 het ek ook behulpsaam gewees om stukke van ŉ swartmenslike liggaam in die omgewing van die ontploffing bymekaar te maak. Aan die verspreiding van hierdie stukke was dit vir my duidelik dat hierdie persoon in die voertuig wat ontplof het, moet gewees het.

31



Hierdie liggaam is op 13 Junie 1983 deur swartvrou Maria SHONGWE uitgeken as Mahlalela Freddie SHONGWE van Blok D 1468, MAMELODI, PRETORIA (GO.44/83).

8.

As gevolg van inligting wat bekom is het ek sedert 29 Junie 1983 verskeie persone aangehou en ondervra. Onder hierdie persone is :

(1) Jerry SHABANGU.

(2) Anna MASEKO

9.

In my ondersoekhet ek ook gevind dat die African National Congress (ANC) verantwoordelikheid vir die Bomontploffing aanvaar het.

10.

Alle tersaaklike verklarings is verkry en geliasseer.

11.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

PRETORIA
1983-08-15

.................................. MAJOOR
F.J.P. NEL

/ldt

Luitenant
83 08 15
Pretoria
ERICH EDGAR HELMUTH von SCHLICHTING
KEMPTON GEBOU, PRETORIUSSTRAAT PRETORIA

ABEDNEGO NGOMA @ STANLEY
SWARTMAN, GEBORE OP 1955.01.01 TE MIDDELBURG, TRANSVAAL
WOONAGTIG TE 2450 BLOK H, MAMELODI
TEL. 805936
ONGETROUD EN WERKLOOS

Verklaar,

Ek het vir Ezekiel MASEKO van kinderdae af geken. Hy was ongeveer sewe jaar ouer as ek. Ek weet ook dat MASEKO vanaf 1975 tot ongeveer 1978 of 1979 'n vonnis uitgedien het weens huisbraak en diefstal. Na MASEKO se vrylating het ek hom 'n paar keer by Jerry SHABANGU se woning, 2614 Blok J, MAMELODI, opgemerk maar ons het egter nie persoonlike kontak met mekaar gehad nie. Ek het wel opgemerk dat MASEKO en SHABANGU baie goeie vriende was.

Ek was bewus daarvan dat Freddie SHONGWE op 'n baie gereelde grondslag na SWAZILAND gereis het. Freddie het my vertel dat hy en Jerry gedurende Februarie of Maart 1983 saam na SWAZILAND gereis om glo Jerry se oom daar te besoek. Freddie het my hiervan vertel voordat hy en Jerry na SWAZILAND sou vertrek.

Gedurende die middel van April 1983 op 'n Sondag was daar 'n partytjie by die huis van Gideon SHABANGU, Jerry se jonger broer, te 2614 J, MAMELODI, gehou. Ek was daar teenwoordig asook Elias MTSHWENI, Phillip MAHLANGU en Glen MABASO wie ek goed geken het. Jerry was ook teenwoordig. Die Dinsdag voor die partytjie het ek vir Freddie genooi om ook teenwoordig te wees. Freddie het aan my gesê dat hy die Vrydag SWAZILAND toe sou vertrek en daarom nie Sondag vroeg by die partytjie sal kan wees nie. Freddie het verduidelik dat hy dié Sondag om 10h00 twee mense vanaf LONDEN by 'n lughawe in SWAZILAND sou ontmoet.

Om ongeveer 17h00 tot 17h30 die betrokke Sondag van die partytjie het Freddie daar opgedaag. Hy het 'n groen Chevrolet Kommando bestuur en was vergesel van twee swartmans wat aan my onbekend is. Die swartman wat voor aan die passasierskant gesit het ~~was geklee~~ in 'n kakiehemp met 'n bruin bosbaadjie, het redelike lang hare gehad en was donker van gelaatskleur. Ek sal hierdie man beslis kan herken indien ek hom weer sien. Die tweede swartman het agter in die motor gesit en was gekleed in 'n liggroen oopslaanhemp met 'n bruin baadjie, het 'n medium gelaatskleur gehad en ook 'n bokbaardjie. Ek glo nie ek sal hierdie man kan herken nie. Albei mans is ongeveer agt en twintig (28) jaar oud.

Op 'n vraag vanaf my kant het Freddie gesê hierdie twee vreemde swartmans saam met hom is sy vriende vanaf SWAZILAND. Die twee mans het in die motor bly sit terwyl Freddie ingekom het in die erf om 'n koeldrank te drink. Hierop het Freddie my vertel dat hy Johannes MNISI asook 'n seun van Moses MASEKO te SWAZILAND ontmoet het. Ek ken nie die naam van hierdie seun nie. Ek het hom gevra hoe hy hier-
die mense ontmoet het

33



Freddie het verder ook gesê dat MNISI vir hom sou geld vanaf die Hoofkwartier van die ANC in die hande kry. Freddie het weer na ongeveer twintig minute saam met die onbekende swartmans vertrek. Hy het gesê dat hy na sy oorlede pa se huis gaan iewers in Blok D MAMELODI.

Jerry het my later vertel dat Ezekiel MASEKO ook saam met Freddie na SWAZILAND gereis het iewers in Maart of April 1983.

Sedertdien het ek Freddie ŉ paar keer gesien maar ons het nie verder oor sy besoeke aan SWAZILAND gesels nie totdat ek hom weer op 10 of 11 Mei 1983 by die H.M. PITJE stadion te MAMELODI gesien het. Op die betrokke dag het die twee skole TSAKO THABO en J. MAHLANG teen mekaar sokker gespeel. Ek was oppad om na die wedstryd te gaan kyk toe ek Freddie by die stopstraat langs die sport stadion raakgeloop het. Hy het ŉ roomkleurige Colt Galant bestuur. Die motor het nuwe SD geel en swart nommerplate opgehad.

Freddie het aan my gesê dat die Colt Galant ŉ gesteelde voertuig is en dat hy wil hê ek moet hom help om die enjinnommer, onderstelnommer en bakwerknommer ooreenkomstig registrasiedokumente in sy besit te verander. Ek het aan hom gesê dat ek nog nie voorheen aan so ŉ moeilike masjiennommer ŉ verandering aangebring het nie. Ek het hom ook aan die enjin gewys dat dit nie maklik gedoen kan word nie. Ek het ook verder vir Freddie gesê om Peter MMULAWA te 2091 Blok G MAMELODI te vra om die enjinnommer te wysig. Hierna het Freddie weer gery.

Na verloop van ŉ paar dae het ek Peter by DLAMINI se shebeen ontmoet. Ek het hom gevra of Freddie hom gevra het om die Colt Galant se enjinnommer te verander. Peter het gesê dat Freddie wel by hom was en dat hy die enjinnommer afgeskuur het maar dat hy nie ŉ ander vals nommer kon aanbring nie. Hy het ook gesê dat hy weet waar om die nodige letterpouse te kry.

Op 19 Mei 1983 het ek Freddie weer voor Jerry se huis gesien om ongeveer 09h00. Hy het ŉ bruin Chevrolet Kommando met ŉ swart vinieldak bestuur en hy het na Jerry gesoek. Ek het aan hom gesê dat Jerry drankwinkel toe is waarop hy weer gery het. Voordat Freddie gery het, het hy gesê hy gaan DENNILTON toe om vir ŉ meisie te kuier met die naam van Martha MASANGO. Ons het ongeveer 10 tot 15 minute gesels. Hierdie was die laaste keer wat ek Freddie gesien het.

Op 20 Mei 1983 het ek om ongeveer 07h00 opgestaan en ŉ brood by die winkels gaan koop. Om ongeveer 09h00 het ek na Jerry by sy huis gaan soek. Sy moeder het my meegedeel dat hy nie tuis is nie. Na 09h00 is ek weer vir ongeveer ŉ uur na die winkels. Hierna is ek na Jonas MAHLANGU se huis in Blok H, MAMELODI om geld te kry wat hy my nog vir bier skuld.

Ek en Jonas het vir ongeveer twee en 'n half uur gesit en drink waarna ek na DLAMINI se shebeen is.

Om ongeveer 15h00 het Jerry en ene Jelli MASHA, wie ek goed ken, voorheen 'n polisieman, ook by die shebeen aangekom. Jerry het vir Jelli met sy Chevrolet Rekord op pad na die shebeen opgelaai. Ons drie het toe saam gesit en drink. Om ongeveer 18h00 het ene SIPHO SHABALALA in die shebeen ingekom en ons vertel dat hy gehoor het dat daar 'n bom in die stad ontplof het. Sipho woon by 2448H MAMELODI. Om 20h00 het ons op TV gesien hoe die toneel lyk waar die bom ontplof het. Ek, Jerry en Jelli het verder gesit en drink tot ongeveer 22h00.

Op Woensdag 1983.05.25 het ek verneem dat beide Ezekiel MASEKO en Freddie SHONGWE vermis word. Moses MASEKO het my dit vertel. Op 1983.05.26 het Jerry aan my te kenne gegee dat hy dink Ezekiel het die land verlaat omdat hy betrokke was by 'n roof in BENONI. Ek het daarop aan hom gesê dat Freddie ook vermis word. Hy het gesê dit is moontlik dat hulle bymekaar is en dat albei landverlaat het.

'n Paar dae nadat ek gehoor het dat Freddie en Ezekiel vermis word het ek gehoor dat albei van hulle dood is.

Dit is al wat ek kan verklaar.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie. Ek beskou die eed as bindend op my gewete.

..Abednego..Ngoma

A. NGOMA

Ek sertifiseer hiermee dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met hierdie inhoud van die verklaring en dat hy sy handtekening daarop aangebring het in my teenwoordigheid te PRETORIA op 1983.07.08 om 19h30.

.............................S/A/O

J.D. PRETORIUS W68436P
SAP VEILIGHEIDSTAK
NOORD TRANSVAAL

KOMMISSARIS VAN EDE
RSA en SWA

SELLO PETRUS M O L A O A PH 1-5572135-5.

VERKLAAR

1.

Ek is ŉ Tswanaman.

Ek is gebore op 1954-01-15 te KLERKSDORP. Ek is tans woonagtig te Blok G.2093, MAMELODI, PRETORIA. Ek woon by my ouers. Ek is tans werkloos.

2.

Ek het vir Freddie SHONGWE en Ezekiel MASEKO vir die afgelope drie jaar geken. Ons het mekaar baie besoek.

3.

Op 12 Mei 1983 om ongeveer 14h30 het ek vir Freddie SHONGWE by ŉ sokker wedstryd by die SUPER STADION te ATTERIDGEVILLE, PRETORIA ontmoet. Hy het aan my gesê dat hy iets met my wil bespreek en dat ek hom gedurende die oggend van 13 Mei 1983 by die huis van Jerry SHABANGU te MAMELODI, PRETORIA moet ontmoet.

4.

Op 13 Mei 1983 om ongeveer 10h00 het ek vir Freddie SHONGWE by die huis van Jerry SHABANGU te Blok J.2614, MAMELODI, PRETORIA ontmoet. Op ŉ stadium het Freddie my eenkant geroep en terwyl ons buite hoorafstand van die ander mense was, het hy aan my gesê ek moet vir hom ŉ wit COLT GALANT motorkar kry. Ek het aan hom gevra watter model hy soek waarop hy geantwoord het dat enige model goed sal wees solank dit wit is. Hy het verder vir my gesê dat hy ŉ wit Colt GALANT soek om ŉ ander voertuig wat in SWAZILAND is se plek in te neem, aangesien hy in besit is van registrasie dokumente daarvoor.

Hy het ook gesê dat ek die voertuig net soos dit is moet bring aangesien hy dit self sal bewerk. Hiervan het ek afgelei dat hyself die masjien- en onderstelnommers sal verander.

Ek het hom toe meegedeel dat ek ŉ saak van motordiefstal teen my gangende het en dat ek nie nou weer vir diefstal gearresteer wil word nie.

Freddie het toe aan my gesê dat hy my weer sal sien. Ons is toe uitmekaar en dit is die laaste wat ek vir Freddie SHONGWE gesien het.

5.

Op ŉ later stadium het ek aan Jerry SHABANGU gesê dat Freddie SHONGWE wou hê dat ek vir hom ŉ wit COLT GALANT moet steel. Ek het ook vir Jerry gevra of hy weet hoekom Freddie nou juis ŉ wit COLT GALANT wou hê, waarop Jerry gesê het dat hy sal probeer uitvind.

6.

Op 20 Mei 1983 het ek oor die nuus van die bomontploffing in Kerkstraat-Wes, PRETORIA gehoor. Ongeveer twee weke later het ek ook verneem dat Freddie SHONGWE en Ezekiel MASEKO in die ontploffing gedood is. Ek het nie die begrafnisse bygewoon nie.

36



7.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

PRETORIA
1983-08-11
9h10

S.P. Molaoa
.............................
S.P. MOLAOA

Nel

1983-08-11 PRETORIA

/ldt Frederik Jacobus Petrus NEL.
Konrad Gebou
PRETORIA.
3/4511 4337

HENDRIK JOHANNES PRINSLOO

VERKLAAR

1.

Ek is 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die Veilighei Pretoria.

2.

Uit die aard van my werksaamhede het ek insae gehad in die volgende dossier-
PRETORIA-SENTRAAL MR 673-05-83 : MOORD EN POGING TOT MOORD

Op 1983-05-20 om 16:30 het 'n kragtige motorbom voor die Nedbankpleingebou in Kerkstraat, Pretoria ontplof.
Tydens die ontploffing is negentien (19) persone (elf blankes en agt swartes) gedood , tweehonderd en sewentien (217) persone beseer en is skade van ongeveer R 4-miljoen aan omliggende geboue en voertuie aangerig.
'n Geregtelike Nadoodse Ondersoek (Vergelyk PRETORIA-SENTRAAL G. D. O. 28-45/8 en 48/83) is deur landdros Pretoria gehou (VERGELYK G. D. O. 567A-567S) waartydens landdros bevind het dat ontploffing deur twee van die oorledenes, naamlik FREDDIE SHONGWE EN
EZEKIëL MASEKO
veroorsaak is en derhalwe word voormelde twee persone vir dood van oorledenes verantwoordelik gehou.
Afdrukke van landdros se bevinding, soos bekragtig deur Prokureur-Generaal, Transvaal,gaan hierby as Bylae "A" tot "S".

3.

In die volgende stuk en publikasies erken die AFRICAN NATIONAL CONGRESS verantwoordelikheid vir die voormelde motorbomontploffing - daaruit blyk dit ook dat die bomontploffing deur die ANC geïnisieer en deur lede van die ANC uitgevoer is -wat blyk dat die twee oorledenes F. SHONGWE en E. MASEKO inderdaad lede van die ANC was -
(1) Getikte weergawe van 'n BBC-radioprogram van 1983-05-23 waartydens 'n gesprek deur die BBC met ene Ruth MOMPATI ,ANC verteenwoordiger in Brittanje,

oor die bomvoorval gevoer is - Bylae "T"

(2) SECHABA MARCH 1987 -P 13 en 14

(3) ANC STRUGGLE UPDATE -NR. 3,1985 -P 8

4.

Ek is vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie . Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

PRETORIA
1990-05-10
14:15

[signature]
............................ KAPTEIN
H J PRINSLOO

[illegible]

PRETORIA 90-05-10 14 20

[signature] [illegible]

FRITZ ROST

VEILIGHEIDSTAK PRETORIA; KOMPOL GEBOU; PRETORIUSSTRAAT; PRETORIA

S/A/O.